

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

>>> BLADSY 2

Era van 37 jaar afgesluit!

Sy het op die ouderdom van 35, in Julie 1983 by die ouetehuis begin werk en word nou self 'n inwoner.

>>> BLADSY 7

Ons groot 'n groot gees!

Leerlinge, ouers, vriende en kollegas is almal diep geraak deur die heengaan van Wynand Kritzing.

>>> BLADSY 8

Hier kom die bokke!

Daar sal die gebruiklike skapie en varkie op die spit gesit word en vanjaar is Stanley die meesterbraaier.

HEILBRONNER OM OP TROTS TE WEES

Die Universiteit van Kaapstad bied vier nagraadse programme aan in Noodgeneeskunde, daarby ingesluit is 'n registrateurprogram wat gekwalifiseerde dokters as spesialis-noodgeneeshere oplei. Dit was dus geen verrassing dat hulle dadelik opgetree het teen die COVID-19 pandemie in Maart nie. Een van ons eie is deel van die UCT Emergency Medicine Team. Charmaine Cunningham, dogter van Terence en Antoinette Cunningham, wat pas haar PhD voltooi. Sy het aan die einde van haar navorsingskontrak gekom en sou juis begin met die ontwikkeling van 'n nuwe, volledige aanlyn Nagraadse Diploma in Noodhulp vir 2021, toe die nasionale inperkingsperiode ingestel is. Vir haar was die tydskerekening goed en was sy beskikbaar om vrywillig aan die hotline-sentrum deel te neem. Dr. Charmaine Cunningham was deel van die span wat die fasiliteite gekonseptualiseer en opgerig het by die CTICC,

Brackengate, Sonstraal en Lentegeur. Die groot uitdaging vir haar was om 'n tydelike hospitaal op te rig, om mediese kondisies van COVID-19 te behandel, iets wat nie gedokumenteerd en bekend is nie. Teen die tyd dat die virus in Suid-Afrika uitgebreek het, was soortgelyke fasiliteite in die buiteland op hulle kruintydperk, wat dit moeilik gemaak het om inligting van daar af in te win. Alle prosesse, personeel en toerustingsvereistes moes dus van nuuts af uitgewerk en beplan word. Hoewel Cunningham haarself bewys het met haar doktorsgraad in Noodmedisyne, het sy ook haar Meestersgraad in Besigheid Administrasie (MBA), BTEC Management en BSocSc Verpleegkunde voltooi. Sy is as verpleegster geregistreer in kritieke sorg, algemene verpleging, psigiatrie, gemeenskapsverpleging en as vroedvrou. Sy is ook geregistreer as paramedikus. Terence, haar pa, vertel aan Heilbron Herald dat sy passievol is

vir toegang tot gesondheidsisteme, gemeenskapsreaksiestelsels in areas met beperkte ambulans- en hospitaalfasiliteite asook die versterking van gesondheidsisteme. Sy is nou betrokke in gesondheid, navorsing en opleiding oor die hele kontinent, asook met projekte en opleiding vir die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO). Dit sluit lande in soos Uganda, Zambië, Angola, Tanzanië en DRK. Sy was op die ouderdom van 32 reeds matrone van die Intensiewe en Trauma Sorgeenheid van die N1 Goodwood Hospital. Dit vir haar wonderlik om die afgelope paar maande te sien hoe spanne in 'n kort tydperk bymekaar gekom het om saam te werk. "Argitekte, bouers, kontrakteurs, tegniese personeel, uitgekontraakteerde dienste en gesondheidsorgwerkers het almal bymekaar gekom." vertel sy. "Dit is verstommend en bewys dat ons dinge kan doen as ons moet."



FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
 Posbus 220, Frankfort, 8830 | Tel: 058 813 1071
 E-pos: frankfort@bkbouwld.co.za
 www.bkb.co.za
 Reg. No: 2005/026173/09

Waar sake elke keer,
 die eerste keer reg gedoen word!

ITALIAANSE KRYGGEVANGENIS

Redelik aan die begin van die Tweede Wêreld-oorlog in 1941 het die Geallieerde magte 'n groot oorwinning behaal oor die Italiaanse magte by El Alemein in Noord-Afrika. Daar is duisende Italianers gevange geneem en as krygsgevangenis na Suid-Afrika gestuur. Hulle is geplaas by Zonderwater Gevangenis net noord van Pretoria.

Van Zonderwater is die Italianers landwyd na boere op plase uitgeplaas. So was daar byvoorbeeld 35 Italianers by Leonard Crause se oupa, oom Chrisjan, op Waagstuk. Hulle het nie almal by die Crauses gewerk nie, maar is uitgeplaas na verskillende boere in die Heilbron-distrik.

Met die vredesverklaring in 1945 is al die Italiaanse krygsgevangenis terug Italië toe. Hulle land was platgeskiet en vir baie was daar nie 'n toekoms in Italië nie. Van hulle het later teruggekeer na Suid-Afrika. Die Suid-Afrikaanse regering het hulle gehelp om terug te kom. So het Rafaile, een van die Italianers wat op Waagstuk gebly het met sy vrou, teruggekeer na die Crauses. Sy kinders het saam met Leonard en Chris skoolgegaan. Sy seun Tonie, het die onderwysers al

hul dae gegee as hy sy naam moes opgee, – Domonica Antonio Franzo Josef Mario Filizalo. Hulle kon dit nie uitspreek nie, nog minder spel. Tonie woon vandag nog in Sasolburg.


My oom was destyds kapelaan vir die Italianers in Zonderwater. Twee Italianers het by hom in die pastorie gewerk en het die mooiste meubels vir hom gemaak. Ek het 'n pragtige hout skinkbord in die Museum wat die Italianers Dante Fereppe en Antonia Scandura vir my ma gemaak het.

'n Paar jaar gelede het ek Zonderwater besoek. Daar is 'n groot begraafplaas vir al die Italianers wat tydens die oorlog daar oorlede is, asook 'n goed toegeruste museum.

Ek was aangenaam verras om te sien hoe pragtig die terrein lyk. Die Italiaanse regering hou die begraafplaas in stand en betaal die Italiaanse kurator wat die museum beman. Ek het bietjie gesukkel om sy Italiaanse-Engels te verstaan, maar ons het later goed reggekom.

As u ooit eindag in Pretoria kom, gaan besoek gerus die begraafplaas en museum. Dit is uit en uit die moeite werd.

Quarta Pretorius



BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur:

'n Gebed

Here, my lewe gaan bitter gou verby. My lewensjare vloei soos water weg. Te veel van my gisters en eergisters is vermors. Hulle het nutteloos deur my vingers geval. Leer my om tyd reg te gebruik. Laat my hier en nou leef, voluit vir U en vir ander. Maak my 'n lewende seën vir elkeen wat oor my pad kom en hande van liefde sal vat, met 'n liefde soos U liefde ons leer. In Jesus se goeie Naam, vra ek dit.

Bron: "Lewende Lote" kerkblaadje. Ingestuur deur: Heléne Howell

Sommige mense, ongeag hoe oud hulle word, verloor nooit hulle skoonheid nie, hulle skuif dit net van hulle gesigte af na hulle harte.

Bron: "Lewende Lote"



Op 3 Julie 1983 het Sophie Spies by Huis Bron-van-Heil aangesluit en vir 37 jaar het sy saam met die ouetehuis gegroei nadat sy op die ouderdom van 35 daar begin werk het. Dit

ERA VAN 37 JAAR AFGESLUIT!

was haar passie om vir elke inwoner 'n tuiste te skep en vir elkeen die beste te gee. Nooit het sy enige iets ontsien om dit so gemaklik moontlik vir almal te maak nie. Wanneer daar nie 'n geldjie vir 'n pakkie koekies of lekkerny was nie, het sy dit uit haar sak aangekoop. Sy het vele inwoners sien kom en gaan en was hartseer oor elkeen se afsterwe. Om by 'n sterfbed te staan was vir haar 'n voorreg. Sy is vir die afgelope 15 jaar woonagtig op die perseel in haar eie woonstel en het nou die voorreg om self 'n inwoner te word.

SPAR

ONDERSTEUN JOU

DIS ONS VERJAARSDAG EN ONS GEE **100 000** KLANTE

50% AFSLAG OP HUL INKOPIES

DIS ONS **57^{STE}** VERJAARSDAG!

SPAR

WEN **139⁹⁹**

WEN **R72⁹⁹** **R3 af** **R69⁹⁹**

WEN **49⁹⁹**

WEN **R41⁹⁹** **R2 af** **R39⁹⁹**

WEN **R53⁹⁹** **R4 af** **R49⁹⁹**

WEN **50⁰⁰**

WEN **59⁹⁹**

WEN **199⁹⁹**

*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk/multi-kopie/kombo wat hier vertoon word.

Eksklusief aan **SPAR Rewards**-lede

SPAR Rewards

Stuif windag aan. Dis **GRATIS** en onmiddellik!

Besikbaar by alle SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgeleë vanaf 15 Augustus tot en met 30 Augustus 2020, terwyl voorraad hou. Om te sien of die stig voor om te sien te sien. Nie beskikbaar in die Upington, Kimberley, Maritzburg, die Langa of die Vredes- en Oorlog- en TV-produkte (sien by die winkel). Prijs is 100% BTW.



UIT DIE PEN

Gedurende vlak 5 van inperking het ek en my goeie man baie keer wakker geword met 'n ander voëlgang as wat ons gewoonlik na geluister het. Dalk omdat die hele wêreld ewe skielik stiller geword het. (Ek hoor weereens vanoggend dat die aantal pasiënte wat in die noodgevalle-afdeling van hospitale toegelaat is, baie laer was as verlede jaar hierdie tyd. En dit kan toegeskryf word aan die gebruik en verkoop van alkohol. Wel, om uit te pluus dat drank verantwoordelik is vir 'n menigte motorongelukke, is nie *rocket science* nie. Dit kan ook natuurlik wees omdat daar minder mense op paaie was wat van punt A na punt B moes reis. Hallo? Die wietletjie draai maar die hamster het afgeval, voel dit my.) En nee, hierdie gaan nie weer 'n stuk kritiek teen die regering wees nie. Intendeel. Terug by die oggend se voëlsang. Het jy al geluister dat daar orals musiek is? Ek praat nie van kar-radios wat gespesifiseer en verseker word nie, ook nie van mense wat loop en sing nie, nie 'n

lawaai nie. Ek praat van die natuur se musiek. Soos die voëls. Dalk 'n Jan Pierewiet, dalk 'n Houtkapper wat ritmies teen die boom tik. Het jy al gehoor hoe klink dit as die Jakarandablommietjies van die bome af val? Dit klink letterlik soos sagte reën wat saggies klak-klak, wanneer dit op die teerpad val. Musiek is ook volop in kantore: het jy al na die klank van 'n fotostaatmasjien geluister? Ritmiese ge-tjiek-tjiek-tjiek. Of iemand wat tik, nie altyd so ritmies nie, maar as jy jou goed verbeel, kan jy dalk musiek daarin hoor. Ek loop gedurig en sing. Nie altyd hard nie, want sommige van my kollegas dink reeds, dalk met rede, ek is die kluts kwyt. Maar my kop sing altyd. Die ander oggend het ek 'n stokou liedjie geneurie: "Kom Patertjie, buig jou stywe dop en volg jou nonnatjie in 'n kring." Wat dit beteken, weet nugter, en waar ek aan die lied gekom het, is ook 'n raaisel.

Ek dink dis in die gene. My grysie ou pa het aldurig gefluit. Hy het af en toe gesing ook, tot in 1998 toe hy 'n groot breinoperasie ondergaan het. Hy het altyd gesê dat die neuro-chirurg sy sing en sy ruik uitgesny het. Hy was as sewentigjarige in 'n operette en kon selfs met een vinger 'n liedjie op die klavier speel. My grysie ou moeder het ook klavier gespeel, maar nie waar ons kon hoor nie. Sy het in haar volwasse lewe in kore gesing en het baie noukeurig na die musieknote in die gesangeboek gekyk wanneer sy nie seker was van die wysie nie. Johan is 14 jaar voor my gebore, hy het klavier geneem. Jan is 11 jaar voor my gebore en hy het ook die klavier geslaan. Ek weet nie wie eerste

was nie, maar die twee seuns het later die musieklesse gestop omdat hulle rugby daarmee ingemeng het. Ons almal weet hulle wou net nie meer klavier speel nie. Ek het ook van speen-oud klavierlesse geneem, seker maar omdat almal voor my dit gedoen het. Ek speel nou nog, want dit is lekker. Maar moenie vir my vra om die teoretiese musiek neer te skryf nie – sukkel steeds daarmee. As ek 'n nuwe wysie moet baasraak, bel ek vriendin Alida, en sy sing dit oor die foon. Die groot musiekgees is gebore tussen my en Jan. Ek het al baie kere van my rooikopsussie vertel. Sy het op vierjarige ouderdom een van die gesange op die klavier gespeel en toe my grysie moeder (toe nog nie grys nie) vra waar sy daaraan kom, het sy gesê: "Die tannie in die kerk speel so." Toe is die koeël deur die kerk, letterlik, want sy het op 10 jaar en ses maande die amptelike orreliste geword. Totdat sy Universiteit toe is waar sy (raai-raai) musiek gaan studeer het. Sy het my probeer leer om die kerkorrel te speel, maar al hierdie note en pedale het my kop laat *zoei* – sy kon dit immers baie beter as ek doen. Ek dink die ander dag met groot weëmoed terug aan my sussie en boetie Jan, se sing-aande. Jan het 'n twaalfsnaar-kitaar gehad en Liena 'n sessnaar Yamaha. By gesinskuiers het die twee hulle kitare uitgehaal en ons het tot oungag saamgesing: *Bridge over Troubled Water*, *Knock Three Times*, *Timothy*, *Smoke on the Water*, *Words*, *Cotton Fields*. Almal het saamgesing – oud en jonk. Ek kan onthou dat ek, Liena en Jan by drie familiepartytjies

WEEK TWEE-EN-TWINTIG

Bohemian Rhapsody luidkeels gesing het – asof dit so moes wees. Op reis iewers heen het ons, ons eie speletjies gemaak met liedjies. Jy kan maar sê dat ons die oorspronklike uitvinders van Noot-vir-Noot was. Toe ons my rooikopsussie die dag in haar graf bêre, het ek begin kerkorrel speel, want skielik het dit vir my sentimentele waarde gehad. Behalwe dat dit lekker was, was dit iets wat ek met groot vreugde vir die Here gedoen het. En ek het dit gedoen omdat my sussie dit gedoen het. So half asof dit deel van my mensoffer aan haar was. Haar legacy. As ek geweet het dat musiek sulke herinneringe kon wakkermaak, het ek dit daardie dae meer ingedrink. Ek kan nie meer my ou pa hoor fluit nie, hy loop sekerlik en fluit in die hemel. My ma het nie meer 'n klavier in haar ouetehuiswoonstelletjie nie. Johan en Jan speel nie meer klavier nie en Jan het nie meer sy twaalfsnaarkitaar nie. Liena is dood, sy speel nou orrel in die hemel. Maar as ek musiek hoor, dan is dié herinneringe vlakby my hart. Soms loop die trane sommer oor tyd wat verby is, liedjies wat gesing is, lag wat deur die wysies opklink. Ek wens ek kon dit, soos met 'n CD, op *pause* sit, sodat die lekker langer kan hou.

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars
Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronerherald.co.za

E-POS ADRESSE

• Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
• John Watson john@heilbron.co.za
• Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
• Celésté herald@heilbron.co.za - (Kommersiele drukwerk & koerantbydraes)
• Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiele drukwerk & koerantbydraes)
• Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• Christelle heraloffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies) • Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

TE KOOP

HUIS TE KOOP

Hoek-erf, oorkant Hoërskool met groot erf. Woonhuis ± 500 vk meter. 3 Groot slaapkamers, 4 x badkamers, groot moderne kombuis met opwas. Baie kaste, dubbel gesig hoogte oonde en gas kookblad. Ondervloerverhitting, eetkamer, sitkamer. Grasdak-lapa aan huis (110vk m) met 'n *loft*. Pragtige ingeboue kroeg. Al die vertrekke het hout skuifdeure wat uitloop op stoep. Ideaal vir groot onthale. Binne ingeboude braai. Aparte *Laundry*. Buitekamer, boorgat, *Prepaid* krag. Veilige omheining, gevestigde tuin. Dubbel motorhuis met afstandbeheer-deure. Skadu-net afdakke vir ± 8 motors.
Bonus: 1 x Slaapkamer woonstel het eie ingang en tuin. Huis se dak en buite nou nuut geverf. Prys R1 600 000, onderhandelbaar.
Kontak Rina 067 035 7030 of Lambert 083 226 2037

K0725

POSTNET HEILBRON

Maandae - Vrydae: 08:00 tot 16:30

Elsstraat 42 • Heilbron / Tel: 058 8530 006

COOL BUFFS
100% Polyester Prolite Sport Buffs
NOU IN VOORRAAD
R85
*BEPERKTE VOORRAAD BESKIKBAAR

MY STORIES BEGIN AS LETTERS

'n Gedig wat in Engels en Afrikaans gelees kan word.
*My pen is my wonderland.
Word water in my hand.
In my pen is wonder ink.
Stories sing. Stories sink.*

*My stories loop. My stories stop.
My pen is my wonder mop.
Drink letters. Drink my ink.
My pen is blind. My stories blink.*



VERWELKOM DS CHARL

Welkom aan Ds Charl en gesin van die Evangelies Gereformeerde Kerk, voorheen van Lydenburg. Sy intree preek is Sondag, 30 Augustus om 10:00. Ons vertrou hulle sal 'n vrugbare en geseënde bediening in Frankfort hê. Hy kan gekontak word by 083 302 4926 of 058-813 2424.

Op die foto van links na regs: Milane, Ds Charl, Alna en Zianel.

GEEN NUUS IS GOEIE NUUS

Die plaaswag van Heilbron was taamlik stil hierdie afgelope tydjie. Daar is weer vir die laaste week geen diefstal óf brande aangemeld nie en die boere hanteer die droë Augustus-winde goed. Die dorpswag was self stil hierdie week, met geen ernstige voorvalle wat aangemeld is nie.

WEERVOORSPELLING SMALLS

Sa 29 Aug.	7 / 22	Gedeeltelik bewolk
So 30 Aug.	7 / 19	Gedeeltelik bewolk, 61% kans vir reën
Ma 31 Aug.	7 / 18	90% kans vir laatmiddag buie
Di 1 Sept.	10 / 15	82% kans vir reën
Wo 2 Sept.	9 / 18	40% kans vir reën
Do 3 Sept.	12 / 23	Sonnig
Vr 4 Sept.	9 / 24	Sonnig
Sa 5 Sept.	10 / 25	Sonnig
So 6 Sept.	9 / 24	Sonnig
Ma 7 Sept.	9 / 25	40% kans vir reën
Di 8 Sept.	7 / 25	Sonnig
Wo 9 Sept.	9 / 26	Sonnig
Do 10 Sept.	9 / 26	Sonnig
Vry 11 Sept.	10 / 26	Sonnig
Sa 12 Sept.	12 / 27	Sonnig

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

DIENTE

Andries Muller
072 447 7446

Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.hugogroenewald.co.za
11 Hekkerstraat 97, Frankfort, 9630
Tel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1967

WINKELURE:

Maandae - Donderdae: 07:30 tot 17:00
Vrydae: 07:30 tot 16:30 / Saterdag: 09:00 tot 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron / Tel: 058 852 3033

GiG Technologies gtyg.co.za
• Alarm Systems • Web Development
• Computer Products • Internet Service
• Computer Repairs • CCTV Installations
Contact us for all your technical needs!
Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993
Email: info@gigtechnologies.co.za

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

G

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal, 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring
082 851 6158 of Piet Meiring
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

R

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

R

Sperdatum vir artikels en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.

GEMEENSAPSNUUS

MONEY IS WASTED ON OLD PEOPLE

Gesels hierdie week met my Poolse maat, die timmerman – vertel hom dat die lisensiekantoor slegs oop is van 08:00 tot 11:00 – hulle bedien blykbaar net 20 “kliënte” per dag! Glo nie daar is deesdae een motoris wat graag lisensiegeld betaal nie, wete dat die paaië in so swak toestand verkeer.

Dit word aanvaar dat die gelde gebruik moet word om die paaië in stand te hou! Dit is nou as die groot swaar vragmotors hulle flenters gery het. Weet nie of hulle gebou is om die swaar verkeer te dra nie. Een van my vriende wat weet van paaië het eendag die opmerking gemaak dat die eintlike probleem reënwater is wat onder die teerpaaië insypel en verbrokkeling veroorsaak. Onse regering weet van verbrokkeling!

Die destydse – gaan nou nie weer die geykte woord gebruik nie – regering het die Spoorweë uitgebrei vir onder andere werkskepping asook vervoer. Jammer dat dit heeltemal ineengestort het. Ek hoor nog hoedat Heilbron se lokomotief-fluitjie blaas om 10:00 en weer 17:00 elke dag, behalwe Sondae. Heilbron het tans geen spoorverkeer – 'n spoorweg eiland. Die treinspoor by Hoogte



“In Memoriam” RIP

het “weereens” voete gekry en is nog nie herstel nie. Dink skroothandelaars het in die grendeltydperk goeie besigheid gedoen met soliede yster stawe!

Dolf vertel my dat, sou ek 'n motorvoertuig deur die toetsentrum op Heilbron wou sit, moet ek Job se geduld hê en saam met die oggendkraai van die haan gaan tou staan – hulle toets blykbaar net sewe voertuie per dag

en dit is dit. Dan is die dagtaak oor en uit. Jammer nommer agt, kom maar môre weer! Aai, die grendeltydperk.

Gaan nie weer praat oor die verkeer wat Heilbron se verkeerstekens verontagsaam nie. Wag dat daar net 'n slagoffer op die kruispaaie is, dan sal dit te laat wees vir 'n plan van aksie. Dolf vertel dat hy nou die dag sy oë en ore vasgegryp het op 'n kruising toe 'n groot vragmotor die stopteken verontagsaam en presies 10 sentimeters van sy bakkie se deur tot stilstand gekom het. Hy kan nog nie besluit of hy vermink of dood sou wees nie.

Jammer ek het geen idee hoe lang ure werk die verkeersinspekteurs – dit is seker hulle wat die motors deur die toets sit? Kan nie wees nie, want Ngwathe het mos sy eie verkeersinspekteurs? Was al die jare so, onthou nog hoe ons vriend, Ben Paulse tydig en ontydig die stadsraad se koffers gevul het! En die paaië was sonder gate.

Ja die tyd stap aan. . . soos die Engelse dit stel “time and tide waits for no man”!

Job hoofstuk 90 vers 10 word die lewe uitgespreek as “three score and ten” en as jy sterk is kan nog 10 jaar bygevoeg word. Hierdie moeilike vers moet in die regte konteks verstaan word – gaan nie daarvoor uitwei nie, maar net dat ouer mense geen behoefte aan geld het nie, maar net aan liefde. Hul arbeidsjare is verby.

Three score is 'n ou Engelse maatstaf wat 60 jaar beteken. 80 jaar is four score. One score het 20 jaar aangedui! Die Afrikaanse taal het nie so 'n maatstaf nie.

Time gentlemen - Tom Watson

TOESTAND VAN DORP SE INFRASTRUKTUUR

'n Paar weke gelede het ek 'n brief geplaas in verband met die toestand van Jacobstraat en die herstel wat ek noodgedwonge moes doen, maar baie ander inwoners moes ook dieselfde doen om strate te herstel en rybaar te maak. Die vraag wat ek vra: Wat gebeur met die belastinggeld wat betaal word? Belasting word verhoog sonder dat dienste verbeter, die prys van elektrisiteit word verhoog, maar die munisipaliteite skuld miljoene aan Eskom?

Hierdie week se berig in die Heilbron Herald het weereens verskeie probleme uitgewys met betrekking tot die toestand van die stortingsterrein en verkeersreëls wat verontsaam word omdat hier nie 'n verkeersbeampte is nie. Die mooi verkeerstrepe wat 'n

paar jaar gelede in Kerkstraat aangebring is, bestaan nie meer nie en ons U-draai almal, want die sperstrepe wat daar was, bestaan nie meer nie en hier is geen verkeersbeamptes wat die wet kan toepas nie. So nou en dan sien jy darem 'n verkeersvoertuig as hulle iets te ete koop by die supermarkte. Die berig wat handel oor die seun van Reitz wat doodgery is, het my weer laat wonder omtrent die minagting van die verkeersreëls in ons dorp. Die ingang vanaf Edenville/Kroonstad is 'n lekker resiesbaan en ek vra: – Gaan ons wag vir 'n ernstige ongeluk of tot iemand doodgery word, voordat iets hieraan gedoen word? So kan 'n elletlange lys saamgestel word van swak of geen

dienslewering. 'n Paar maande gelede het twee verkeersdames 'n spoedlokval beman by die ingang vanaf Petrus Steyn en ek het gevra of dit moontlik is om dit ook in Kerkstraat te doen. Hulle antwoord was nee, want daar is nie 'n 60 kilometer waarskuwingsbord nie. Ek het aangebied om dan een te koop en dit volgens die korrekte voorskrif te op te rig, maar volgens hulle is die nie toelaatbaar nie, dus jaag mense steeds die dorp binne as hulle oor die treinspoor kom. Volgens Afriforum gaan dit baie geld kos om die stortingsterrein te rehabiliteer en wie gaan dit daarna instandhou? Die brandweergebou staan in

vensters nog nie weggedra is nie. Die droom van 'n eie brandweerwa vir die dorp sal seker maar net 'n droom bly, so ook die herstel van die brandweerbakke. Wat is die scenario? Inwoners en burgerregte groep rehabiliteer die stortingsterrein, herstel die slaggate op eie onkoste sodat ons belastinggeld gebruik kan word om vir die amptenare net groter en luuksse voertuie te koop. Ek sien nou die ander dag 'n dame met 'n Mercedes Benz, baie duidelik gemerk “Disaster Management”. “Met 'n Mercedes!”, vra ek? Die definisie van instandhouding en volhoubaarheid word duidelik nie mooi verstaan nie.

WISSENTRAAL
Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

Kooperag gewaarborg
Kontak ons bemarkers
P.J. MÜLLER
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker

CORJAN DE JAGER
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville

DAVID GERBER
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn

GERHARD HARTMAN
082 550 2054
Villiers
Grootvlei

HUGO GROENEWALD
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

IAN GROBBELAAR
060 965 6207
Afslaer

POSTNET HEILBRON
COURIER YOUR SHIPMENTS TO YOUR LOVED ONES.
WE DELIVER RIGHT TO THEIR DOORSTEP AND NATIONWIDE!
POSTNET @ DOOR
POSTNET @ POSTNET
WE LOOK FORWARD TO ASSISTING YOU WITH YOUR COURIER NEEDS.
VISIT US TODAY!

42 De Vries, Street to Heilbron Branch, Heilbron 9400
Tel: 051 86 36 004
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: http://heilbron.postnet.co.za

BUSINESS HOURS: 08:00 - 16:30

PLATTELAND APTEEK
OPEN BINNEKORT

Ons is op soek na CV's vir
Apteker-assistent, Kassiere, Bode & Klinieksuster

Laat CV by Spur of e-pos na mcboomplaza@gmail.com
voor 4 September

the local choice
PHARMACY
here for you.

Die skoolhoof van Laerskool Hartswater is vroeër die week oorlede. Wynand Kritzinger was die eertydse adjunkhoof van Hoërskool Heilbron en as jong onderwyser was hy departementshoof by Vegkop Primêr. Met die amalgamasie van Vegkop Primêr en Hoërskool Willem Pretorius in 1977, het hy as skoolhoof waargeneem by die nuut-gestigde Hoërskool Heilbron. Hy word beskryf as hardwerkend, entosiasies, ywerig, 'n dinamiese leier met 'n lewendige persoonlikheid. Huldeblyke het ingestroom op sosiale media en leerlinge vir wie hy klas gegee het, het hom selfs as 'n legende beskryf. Hoërskool Heilbron eer sy nagedagtenis op hulle Facebook-blad. “Wynand was bekend daarvoor dat hy ná sport oefening, heel gemaklik, kaalvoet by Spar kon indraf vir sy daaglikse inkopies – dit was juis wat hom so geliefd gemaak het in die gemeenskap. Al is die Kritzingers vir baie jare reeds nie meer inwoners van Heilbron nie, het hulle ons skool altyd bemark en ondersteun. Só daag Wynand en sy vrou Marinda, onverwags op tydens ons 1ste rugbyspan se finaal in die Beeld trofee. Wynand, ons harte is stukkend dat Hoërskool Heilbron en jou gemeenskap op Hartswater 'n groot onderwysman en vriend verloor het.” Wynand het diep spore in die Heilbron-gemeenskap getrap. Dit is 'n groot verlies vir Laerskool Hartswater en die Hartswater-gemeenskap. Leerlinge, ouers, vriende en kollegas is almal diep geraak deur die heengaan van Wynand Kritzinger.

ONS GROET 'N GROOT GEES

Hy laat sy vrou Marinda en hul twee kinders, Mynard en Carma, na.



FOTOKOMPETISIE-WENNER

Die jagseisoen sluit af en met die inperkings-maatreëls, is hierdie sport se tydperk aansienlik verkort. Daar was darem steeds 10 inskrywings vir die Jagters-fotokompetisie. Man, vrou en kind het met hulle foto's gespog. Met die meeste facebook-reaksies (183) gaan die prys aan Natalie Ferreira. Sy kry die geleentheid om Amrod-klere ter waarde van R750 by Heilbron Herald te bestel. Dit sluit in

Op die foto: Jagtersfotokompetisie-wenner 2020 – Natalie Ferreira. “My jagtog het begin as 'n

onbeplande ervaring, oorspronklik sou my verloofde en sy broer-hulle gaan jag en ek sou net saamgegaan het op die jagtog, maar onverwags het my verloofde my verras om my eerste bok te skiet met sy 30-06 kaliber. Ek sou eers 'n rooibokram skiet maar hulle was te skelm tussen die bosse en die senuwees het hoog geloop, toe besluit ek om 'n gewone Blesbok te skiet maar toe kry ek die geleentheid om 'n wit Blesbokram te skiet. Dit was baie senutergend maar nadat ek my eerste bok geskiet het was dit 'n ongelooflike lekker ervaring.”



HERALD

HIER KOM DIE BOKKE!

SPORT

Die inskrywings vir vanjaar se bokkedag was binne 'n dag vol en moes daar paar manne in die tou staan. Gholfers van so ver as Bloemfontein en Pretoria, of is dit nou Tshwane, kom om hier te speel. Daar sal die gebruiklike skapie en varkie op die spit gesit word en vanjaar is Stanley die meesterbraaier met sy oupa se geheime sous.

Jackie Leonard slaan die bal op die oomblik baie goed en is week vir week onder die prysweners. Hy wen verlede Saterdag die plaaslike vleisdag met 38 punte. Vian Leeb is ook meer gereeld op die baan, hy is tweede met 37 punte. John Watson met 35 punte staan ook vir 'n slag in die

wennersirkel, blykbaar omdat hy met baie belangrike gaste gespeel het. Prof Theuns Eloff, gas van Julyan Bruyns, kon nie uitgepraat raak oor die gasvryheid van Heilbron se gholfers nie. Die

winterstoestande op die baan het hom goed gepas en hy sê dat hy lanklaas die bal so ver kon slaan.

Spelers word gevra om asb 'n halfuur voor hulle afslaaty by die baan te wees.



Saterdag se winners vl: S Bobe, K Tshabalala, Jackie Leonard en Vian Leeb.

ROLBAL SPEEL WEER KOMPETISIES

Noudat die Corona-infeksies afneem, ons hoop dis waar, en die inperking wat na vlak 2 verskuif het, het kan ons as rolbalspelers darem ook meer vryhede geniet. Alhoewel kompetisies tussen klubs wel toegelaat word, is almal op hierdie stadium maar versigtig om by ander klubs te gaan speel, met die gevolg dat klubs maar interne kompetisies speel.

Met die verslapping van sommige reëls, is lede ook meer gemaklik en word die sosiale spel op Woensdae goed ondersteun, Saterdag is kompetisietyd en dan word spanne saamgestel wat dan teen mekaar meeding, vriendskapsbande word dan eenkant toe geskuif vir die duur van die kompetisie, maar na spel word die bande weer opgetel as elkeen 'n koue dingetjie met "eish" in die hand het.

Baie dankie aan Buffalo Valley Spur vir die geskenkbewyse wat as pryse uitgedeel word.

Die afgelope Saterdag se kompetisie was weereens goed ondersteun en Gerald Rademeyer en James Swanepoel was die wenners. James, skoonseun van Ernst en Magda Bieske, is al 'n bekende gesig op die baan.

Met al die goeie werk wat verlede jaar op die baan gedoen is, word beplan om die baan volgende week net liggies te "scarify".



Gerald Rademeyer en James Swanepoel.



F.T.C.

FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS

Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830

www.ftcfrankfort.com



**BRAKES
&
CLUTCHES**



**HYDRAULIC
HOSE
ASSEMBLIES**

Willem : 072 647 1074 Ruan : 072 176 4206 Thinus : 079 544 8096	Parts : 072 684 3861 Landline : 058 813 1206 Email : ftcfrankfort@gmail.com
---	---

FUNKSIONELE TERAPEUT
PASTORALE BERADER
TRAUMA, VERLIES, GEÏNTEGREERD

KINDER-HEILTHERAPEUT
TRAUMA, VERLIES, GEÏNTEGREERD

REMEDIËRING
GRAAD R: GEREISTREERDE
SKOONGEREEDHEIDSTOETS

BEEDIA SCHEFFERS | 063 684 6873

BKB Louwid NOORD

Die komende week se
BELANGRIKSTE veilinge

DINSdag - 1 SEPTEMBER 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4269

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pretorius 079 560 7088

WOLMARANSTAD: NOORD-WES SAVM
KLUBVEILING
38 Geregistreerde rammes
11:00, Wolmaranstad skoolgrond
Kontak Theuns Barnard 082 374 2555

DonDERdag - 3 SEPTEMBER 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 063 210 7135

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

VRYdag - 4 SEPTEMBER 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Riepot Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

SATERdag - 5 SEPTEMBER 2020

PARYS: Nasionale BRAHMAN VEILING
50 Geselekteerde diere
vanaf 10:00, Parys Afti-Dome
Kontak Piet Wessels 082 857 7827



www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbilouwid.co.za